higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

(5050032)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

316Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ‘n n uwe bladsy.
5. Gebruik slegs swart of blou ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Gemengde leer word die beste beskryf as …

A ‘n tradisionele klaskamergebaseerde leerbenadering.
B ‘n slegs aanlyn onderwysmetode waar studente via die internet leer.
C ‘n kombinasie van tradisionele persoonlike klaskamermetodes met aanlyn onderwysmateriaal en -aktiwiteite.
D ‘n selftempo-leermodel waar studente werkopdragte ontvang om onafhanklik te voltooi.

1.1.2 Die volgende beskryf die konsep van leerstyle die beste:

A Die idee dat alle studente die beste leer deur na lesings te luister
B Die idee dat leer slegs deur praktiese aktiwiteite plaasvind
C Die teorie dat verskillende individue verskillende voorkeurleermetodes het
D Die oortuiging dat net studeer die mees effektiewe manier is om te leer

1.1.3 Volgens gedragstorie word leer hoofsaaklik bereik deur …

A genetiese oorerwing en biologiese faktore.
B waarneming, nabootsing, en versterking van gedrag.
C verstandsprosesse en kognitiewe funksies.
D geestelike en mistieke ervarings.

1.1.4 Die primêre fokus van leersielkunde is die …

A studie van hoe biologiese faktore gedrag beïnvloed.
B ontleding van verstandsprosesse soos geheue en probleemoplossing.
C ondersoek van hoe mense kennis en vaardighede verwerf, verwerk en behou.
D verkenning van kulturele invloede op gedrag.

1.1.5 Informele leer is …

A leer wat natuurlik gebeur terwyl jy met jou daaglikse aktiwiteite en spel besig is.
B gestruktureerde leer wat in ‘n formele opvoedkundige situasie plaasvind, met ‘n vaste kurrikulum.
C aanlyn kursusse wat deur universiteite en opvoedkundige instellings aangebied word.
D ‘n formele opleidingsprogram wat deur werkgewers verskaf word om werkverwante vaardighede te verbeter.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 … dra by tot ‘n goeie leeromgewing.

A Streng dissipline en geen interaksie tussen studente nie
B Hoë geraasvlakke en voortdurende afleidings
C Beperkte toegang tot opvoedkundige materiaal en minimale onderwyserbetrokkenheid
D ‘n Ondersteunende atmosfeer met duidelike verwagtings, betrokkenheid, en toegang tot hulpbronne

1.1.7 Versterking in die konteks van leer beteken …

A die proses om inligting met verloop van tyd te vergeet.
B die memorisering van feite en figure.
C die gebruik van belonings of straf om die waarskynlikheid dat die gedrag herhaal gaan word, te verhoog of verlaag.
D die verkenning van nuwe onderwerpe sonder enige terugvoering.

1.1.8 Die volgende is ‘n voorbeeld van ‘n aktiewe onderrigmetode:

A Gee lesings sonder studente-interaksie
B Aanmoediging van groepsbesprekings en samewerkingsprojekte
C Toewysing van leesmateriaal vir huiswerk
D Studente wat aantekeninge maak terwyl hulle na ‘n video kyk

1.1.9 Selfgereguleerde leer behels …

A om ‘n streng skedule wat deur die onderwyser verskaf is, te volg.
B monitering, beheer en regulering van jou eie leerproses.
C voltooiing van werksopdragte slegs wanneer jou portuurgroep jou daaraan herinner.
D memorisering van inligting sonder om die relevansie daarvan te verstaan.

1.1.10 Probeer en tref (‘trial and error’) in leer verwys na …

A leer deur handboeke te lees en aantekeninge te maak.
B leer deur na lesings te luister en klasse by te woon.
C leer deur aanhoudend verskillende oplossings te probeer totdat jy een kry wat werk.
D leer deur na onderrigvideo’s en tutoriale te kyk.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n item/term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Onvoorspelbaar, impulsief, roekeloos en onverantwoordelik	A	leeratmosfeer
1.2.2	'n Leerruimte waar studente fisies en emosioneel veilig voel	B	samewerkende leer
1.2.3	Organisme leer om 'n neutrale stimulus net 'n betekenisvolle stimulus te verbind, wat tot 'n aangeleerde respons lei	C	stimuli
1.2.4	Leer gebeur gelyktydig vir alle deelnemers	D	positiewe versterking
1.2.5	Superkrag vir dink, leer, onthou en probleme oplos	E	negatiewe versterking
1.2.6	Omgewingsnellers wat 'n organisme se leerproses beïnvloed	F	klassieke kondisionering
1.2.7	Die algehele atmosfeer in die klaskamer, wat 'n student se vermoë om te leer beïnvloed	G	ondersteunende omgewing
1.2.8	Studente se vermoë om hul eie leerprosesse te bestuur	H	gesinchroniseerde leer
1.2.9	Tegnieke wat met onthouvermoë help	I	selfregulering
1.2.10	Neem 'n ongewenste stimulus weg om goeie gedrag aan te moedig	J	emosioneel onstabiel
		K	mnemoniek
		L	verstandelike kognisie

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Dit is genoeg vir effektiewe studie om leermateriaal net een maal deur te lees.

1.3.2 Aktiewe herroeping, waar jy aktief inligting uit jou geheue herroep, is ‘n effektiewe studietegniek.

1.3.3 Dit is belangrik dat onderwysers daarop let dat lesings die mins effektiewe onderrigmetode is.

1.3.4 ‘n Webgebaseerde vergadering is ‘n byeenkoms waar deelnemers idees in ‘n groepbespreking in die raadsaal uitruil.

1.3.5 Kritiese denke behels die ontleding en evaluering van inligting om beredeneerde oordele te maak.

1.3.6 Straf verwys na ‘n gevolg wat gebruik word om die waarskynlikheid dat die ongewenste gedrag herhaal word, te verminder.

1.3.7 Leer hang uitsluitlik af van kognitiewe prosesse en word nie deur persepsie beïnvloed nie.

1.3.8 Vorming beteken om studente sagkens in die rigting van ‘n spesifieke gedragswyse te stuur, deur hulle te beloon vir klein stappe wat daartoe lei.

1.3.9 Onderwysers moet daarop let dat leerders uiteenlopende leerstyle het, en moet dit vermy om soveel moontlik van hierdie style te akkommodeer.

1.3.10 Om minder sensitief vir stimuli te wees, beteken om sterk of vinnig op dinge om jou te reageer.

(10 × 1) (10)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae:

In ‘n bedrywige primêre skool het die agtjarige Brian onlangs teruggekeer klas toe nadat hy met breinskade gediagnoseer is. Sy onderwysers merk veranderinge in sy gedrag op. Omdat hulle oor Brian se akademiese vordering en welstand begaan is, ontmoet die skool met sy onderwysers, ouers en skoolberaders om maniere te bespreek hoe om hom die beste in sy leerreis te ondersteun.

2.1 Hoe sal jy tekens van breinskade in ‘n kind soos Brian herken? Noem DRIE punte. (3 × 2) (6)

2.2 Wat is party algemene oorsake van traumatiese breinbeserings soos wat Brian moontlik gehad het? Gee TWEE oorsake. (2 × 2) (4)

2.3 Op grond van jou kennis van breinskade, noem TWEE veiligheidsmaatreëls om te verseker dat Brian se brein gesond en aktief bly. (2 × 2) (4)

2.4 Ontleed die scenario en gee ‘n kort uiteensetting van TWEE rolle wat onderwysers kan speel om die opvoedkundige en emosionele behoeftes van kinders met breinskade te ondersteun.

(2 × 2) (4)

2.5 Bloom se Taksonomie gee ‘n uiteensetting van die volgende ses vlakke in die kognitiewe domein:

a) Kennis
b) Begrip
c) Toepassing
d) Ontledings
e) Sintese
f) Evaluering

Pas die volgende frases by hulle ooreenstemmende vlakke van Bloom se Taksonomie, soos hier bo genoem:

2.5.1 Evalueer inligting en maak oordele op grond van kriteria en standaarde

2.5.2 Pas kennis en begrip toe om probleme op te los en take te voltooi

2.5.3 Skep nuwe idees, produkte, of denkwyses op grond van verworwe kennis

2.5.4 Onthou feite en herroep begrippe

2.5.5 Ontleed inligting deur dit in dele op te breek en ondersoek verwantskappe

2.5.6 Verstaan die betekenis van inligting, interpreteer en verduidelik ‘n idee

(6 × 2) (12)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Sarah, Jack, Emma en Liam is vier vriende met uiteenlopende temperament. Sarah is uitgaande en avontuurlustig, altyd op soek na nuwe ervarings. Jack is kalm en terugegtrokke, en verkies aktiwiteite soos om te lees. Emma is uiters sosiaal en geniet dit om by sosiale geleenthede die middelpunt van aandag te wees. Liam is analities en detail-georiënteerd en spandeer dikwels ure aan om probleemoplossingstake.

3.1 Identifiseer uit die uittreksel hier bo watter vriend die volgende temperamente vertoon:

3.1.1 Choleries

3.1.2 Sanguinies

3.1.3 Melancholies

3.1.4 Flegmaties

(4 × 2) (8)

3.2 Beskryf die verskil tussen Denkers (D) en Voelers (V) in die konteks van die Myers-Briggs-tipe Aanwyser. (2 × 2) (4)

3.3 Lig TWEE kenmerke uit wat individue met ‘n Beskermer-temperament vertoon. (2 × 2) (4)

3.4 Gee ‘n kort uiteensetting van TWEE praktiese ervarings wat onderwysers kan inkorporeer om Ambagsman-leerders te ondersteun. (2 × 2) (4)

3.5 Identifiseer die VYF breë faktore van die basiese struktuur van menslike persoonlikheid, wat algemeen as die Groot Vyf bekendstaan. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

Stacy is ‘n hoërskoolleerder wat nog altyd met Wiskunde gesukkel het. Ondanks ure se studie, kry sy steeds aanhoudend lae punte in die vak. Stacey is gefrustreerd en moedeloos, en besluit om oor haar leerstyl en studiebenadering te heroorweeg.

4.1 Definieer die term *selfbewussyn*. (1 × 2) (2)

4.2 Noem EEN rede waarom Stacy se selfbewussyn belangrik is. (1 × 2) (2)

4.3 Hoe kan Stacy haar selfbewussyn ontwikkel? Noem TWEE maniere. (2 × 2) (4)

4.4 Verduidelik TWEE punte oor die rol van selfmotivering in Stacy se besluit om haar studiegewoontes te herevalueer. (2 × 2) (4)

4.5 Lig EEN voordeel uit wat Stacy kan verkry deur terugvoering oor haar studiemetodes te vra. (1 × 2) (2)

4.6 Watter faktore beïnvloed selfkonsep-ontwikkeling? Noem TWEE faktore. (2 × 2) (4)

4.7 Op grond van jou begrip van eiewaarde, noem TWEE punte oor hoe dit leer kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

4.8 Identifiseer TWEE tekens wat daarop kan dui dat ‘n student ‘n lae selfbeeld het, in die konteks van leer. (2 × 2) (4)

4.9 Op grond van jou begrip van leersielkunde, gee TWEE redes hoekom onderwysers studente met ‘n lae eiewaarde kan ondersteun om hul leeruitkomste te verbeter. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Tilly is ‘n 10-jarige meisie wat onlangs na ‘n nuwe buurt verhuis het. Sy het haar klasmaats gedurende pouse dopgehou en opgemerk dat party kinders met aandag en lof deur hul maats beloon word wanneer hulle hul speelgoed deel, terwyl ander wat hulle speelgoed vir hulself hou, minder aandag kry.

5.1 Op grond van jou begrip van die Sosiale Leertorie, verduidelik EEN punt oor hoe Tilly se waarneming van haar klasmaats se gedrag met waarnemingsleer verband hou. (1 × 2) (2)

5.2 Op grond van die scenario, gee ‘n kort uiteensetting van TWEE spesifieke gedragswyses wat Tilly waarskynlik sal leer deur haar klasmaats tydens pouse dop te hou. (2 × 2) (4)

5.3 Hoe beïnvloed die sosiale versterking wat Tilly se klasmaats ontvang hulle gedrag? Gee EEN voorbeeld. (1 × 2) (2)

5.4 Definieer die term *operante leer.* (1 × 2) (2)

5.5 Oorweeg die sleutelbeginsels van operante leer en verduidelik dit onder die volgende opskrifte:

5.5.1 Straf

5.5.2 Vorming

5.5.3 Uitwissing

5.5.4 Versterking

(4 × 2) (8)

5.6 Definieer die term *e–leer*. (1 × 2) (2)

5.7 Met die beginsels van e-leer in gedagte, noem DRIE voordele van e-leer. (3 × 2) (6)

5.8 Leer is ‘n lewenslange proses.

Verwys na die bostaande stelling en verduidelik TWEE verskille tussen *informele* en *formele leer*. (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou